# Kerssangdiens: Die Lig het in die wêreld gekom

**23 November 2025**

**NHK Randburg**

## Aanvang

**Voorganger**

“Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus.”

### Inleiding:

“Vandag  hoor ons weer die verhaal van God se groot liefde — die Lig wat in die wêreld gekom het.
Kom ons luister, sing en verwonder saam oor die geboorte van ons Verlosser.”

🎵 **Lied 1(Gemeente):** *Kom, alle getroues* – LB 345:1 en 2

---

## 1️⃣ Die profesie van die koms van die Lig

**Leser 1: Jesaja 9:1–6**

*“Die volk wat in donkerte geleef het, het ’n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het ’n lig geskyn...*
*Vir ons is ’n Seun gebore, aan ons is ’n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.”*

🎵 **Lied 2 (Solo – Josef Joubert):** *Loof die God van ons verlange!* – LB 343:1 en 2

---

## 2️⃣ Die aankondiging aan Maria

**Leser 2: Lukas 1:26–33, 38**

*“Toe die engel by haar kom, sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.”’*
*...*
*‘Jy sal swanger word en ’n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee,...*

*Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het."*

🎵 **Lied 3 (solo):** *O Christus, ons verlange* – LB 354:1, 2 en 3

---

## 3️⃣ Maria se loflied (Magnificat)

**Leser 3 Lukas 1:46–55**

*"Ek besing die grootheid van die Here, ek juig oor God, my Verlosser, omdat Hy na my in my geringheid omgesien het....*
*Hy het magtiges van trone afgeruk en nederiges verhoog; ... behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur."*

### Wees stil

*('n kort stilte volg voor die volgende lesing)*

---

## 4️⃣ Die geboorte van Jesus

**Leser 4: Lukas 2:1–7**

*"Josef het van die dorp Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan...*
*Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word. Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie."*

👧 **Kleuters en laerskoolkinders sing:**

🎵 *Al was ek nie daar nie* – LB 355:1

🎵 *Stille nag, heilige nag* – LB 348:1

---

## 5️⃣ Die engele bring die goeie tyding

**Leser 5: Lukas 2:8–14**

*"Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het...*
*Toe sê die engel vir hulle: "Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydskap...*

*Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!'*
*Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê:*
*"Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!"*

🎵 **Lied 4(gemeente):** *Herders op die ope velde* – LB 364:1 en 2

🎵 **Lied 5(Solo of groepie):** *Ere aan God* – LB 367

---

## 6️⃣ Die herders besoek die Kind

**Leser 1: Lukas 2:15–20**

*"Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir mekaar: "Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat gebeur het...'*
*Hulle gaan toe haastig daarheen en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê.*
*Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is...*
*Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het..."*

🎵 **Lied 6(Gemeente):** *Hoor die blye eng'lelied* – LB 365:1 en 3

---

## 7️⃣ Die wyse manne uit die ooste

**Leser 2: Matteus 2:1–2, 9–11**

*"Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes. Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom en gevra: "Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys...*
*Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre."*

🎵 **Lied 7(Gemeente):** *Die Heiland is gebore* – LB 353:1, 2 en 3

---

## 8️⃣ Die betekenis van Christus se koms

**Leser 3: Galasiërs 4:4–7**

*"Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word...*
*Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak."*

🎵 **Lied 8(Gemeente):** *Hoor die blye tyding* – LB 352:1, 2 en 3

---

## 9️⃣ Die Lig wat steeds skyn

**Leser 4: Johannes 1:9–14**

*"Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe...*
*Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word...*
*Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlikheid gesien, die heerlikheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid."*

🎵 **Lied 9 (Staande):** *Welkom, o stille nag van vrede* – LB 358:1, 2 en 3

---

## Gemeente staan

## Slotgebed en Seën

**Voorganger**

"Here, ons dank U dat U Lig na die wêreld gebring het — dat U in Jesus Christus na ons toe gekom het.
Laat U Lig in ons harte skyn, sodat ons dit met ander kan deel."

**Slotsang:** 🎵 *Stille nag, heilige nag* – LB 348:1 en 2

**Voorgangerspreek die seën uit:**

“Mag die vrede van Christus, wat alle verstand te bowe gaan, julle harte en gedagtes bewaar in Hom, nou en vir ewig.

Amen.”